

BOEKBESPREKING

Van Selms, Prof. Dr. A.: De verscheurde stad. Oud Jeruzalem waar de Joden niet kunnen komen, pp. 144, met afb., J. N. Voorhoeve. Den Haag. s.j.

Daartoe in staat gestel deur die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het die skrywer met die oog op oudheidkundige navorsingswerk 'n tydjie in die Heilige Stad, Jerusalem, deurgebring. Jerusalem is 'n verdeelde en verskeurde stad waarvan die ou stadsgedeelte en 'n deel van die nuwe stad in besit van Jordanië is.

Die skrywer spits nie alleen sy aandag en belangstelling op die hede toe nie, hy gaan ver terug in die geskiedenis van Jerusalem en die omgewing. En dit is juis in hierdie opsig dat sy werk besonder waardevol is. Ook aan die hedendaagse toestand van verskeurdheid wy die skrywer veelvuldig aandag. Is 'n oplossing van die verdeling van Jerusalem moontlik onder die huidige toestande en verhoudings? Die skr. kom tot die gevolg trekking dat die onnatuurlike skeiding tussen Israel en Jordanië nog lank sal voortduur. Hy betreur dit dat die Heilige Stad besig is om te sterf aan, soos hy dit stel, menslike onverstand en gebrek aan goeie wil.

Die werk is veelsydig. Dit is 'n reisverhaal met 'n sterk geskiedkundige inslag, 'n geheel met heelwat bewonderingswaardige fasette en bygevolg kan ons die lees daarvan sterk aanbeveel.

Jan Ploeger.

Van Praag, Drs. H. en Penkala, E. Alles wat U weten wil, pp. 408 met afb. Uitgeversmaatschappij W. de Haan N.V.N.V. Standaard Boekhandel. Zesit-Antwerpen, 1961.

Die uitgewers het met hierdie beknopte ensiklopedie beoog om die belangstellende leser 'n besonder bruikbare vraagbaak te besorg. Ook met betrekking tot geskiedenis is die inhoud besonder verteenwoordigend. Dit geld ook vir die bespreking van die studie en die verloop van die geskiedenis, terwyl 'n groot aantal afbeeldings gewy is aan groot wêreldfigure op allerlei gebied. Spesiale afdelings is gewy aan die volgende onderwerp: aardrykskunde, ekonomie, geskiedenis, kuns, oudheidkunde, godsdienst- en wêreldbeskouings en volkekunde. Om al daardie redes kan hierdie werk sowel by leerlinge van hoërskole as by studente in geskiedenis en verwante vakke aanbeveel word.

Jan Ploeger.

Samhaber, Ernst: Knaurs Geschichte der Entdeckungsreisen. Die groszen Fahrten ins Unbekannte, pp. 464. Droemersche Verlagsanstalt Th. Knaur Nachf. München-Zürich.

Hierdie boek voer die leser van die ontdekkingsreise van die verre verlede, waarin verdigsel en waarheid dikwels moeilik van mekaar geskei kan word na die ontdekkingsreise in die Poolgebiede in ons eie eeu.

Hierin lees ons van die wêreldvoorstelling van Babiloniërs en Griekse, die reis wat volgens Griekse bronne tydens Farao Necho rondom Afrika onderneem is, die reis wat miskien deur die Ierse monnik Brandaan in die sesde eeu na die Amerikaanse vasteland onderneem is en die tog van Marco Polo na die Verre Ooste.

Die geskiedenis van hierdie en talle ander ontdekkingsreise na al die verskillende windstreke van die wêreld is in hoofsaak bekend. Maar wat ons graag met betrekking tot Samhaber se werk wil beklemtoon is die wyse waarop hy sy keuse gedoen het uit al die gegewens en die boeiende verhaaltrant waarin hy sy stof gegiet het.

Voeg daarby die voortreflike illustrasiemateriaal en dan sal besef word dat hierdie werk 'n ereplek in al ons skoolbiblioteke behoort in te neem. Met betrekking tot Afrika wil ons graag die aandag vestig op die volgende hoofstukke. *Überwindung der Sahara, Der Dunkle Erdteil en Zu den Quellen des Nil* (bl. 355-398). Werke wat soos Samhaber se werk geskryf is, bly elke belangstellende sonder onderskeid boei,

Jan Ploeger

Van der Molen, S. J.: Levend Volksleven. Een eigentijdse volkskunde van Nederland,
pp. 352. Van Gorcum en Comp. N.V. Assen, 1961.

Volkskunde is die wetenskap van die volkslewe, aldus die Switserse hoogleraar R. Weiss, die wisselwerking tussen die volk en die volkskultuur sover dit deur gemeenskap en tradisie bepaal is. En na aanleiding van hierdie omskrywing het Van der Molen, wat reeds in die verlede sy spore op hierdie gebied verdien het nadat die bekende D. J. van der Ven e.a. baanbrekerswerk verrig het, sy veld van behandeling gekies en afgebaken.

Verder het hierdie skrywer hom ook beperk tot wat op die gebied van die volkskunde vandag nog in Nederland leef. En, na die groot verskeidenheid van onderwerpe soos verskillende feesgebruiken, volksverhale, volksdanse e.d. is die leser meer as eenkeer verbaas oor wat daar op dié gebiede nog leef in 'n land waarvan 'n groot persentasie van die bevolking in stede woon en werk. En wanneer daar gelet word op die buite-landse invloede wat op hierdie klein landjie inwerk as gevolg van sy ligging (Engeland, Frankryk, Duitsland) dan neem hierdie verbasing nog toe. Op die gebied van lewende volkskunde besit Nederland nog 'n groot aantal skatte en is die Nederlandse volksiel ongetwyfeld nog gesond en tradisievael.

Dit is ook opmerklik dat, waar aan die een kant o.m. sekere feeste verdwyn, aan die ander kant weer verryking en uitbou plaasvind. Ons dink hier aan die Moederdagviering, 'n oorspronklik Amerikaanse vinding, wat in Nederland sy pad van die stede na die platteland gevind het. Dan kan daar gewys word op die kaatsspel wat tot Friesland beperk is, aan die herleefde belangstelling in die volksdanse wat in 1950 tot die Federasie van Folkloristiese groepe in Nederland gelei het en wat in 1960 oor 1,100 dansers beskik het wat oor 'n veertigtaal verenigings verdeel was.

Dit is slegs 'n paar brokstukkies uit 'n besonder belangrike en ryk gedokumenteerde publikasie wat ons graag in die besit van al die belangstellendes in ons land sal wil sien.

Jan Ploeger

Ferguson, W. T. en Immelman, R. F. M.: Sir John Herschel and Education at the Cape, 1834-1840, pp. X, 94, 20 ill., 2 kaarte, R1.50, Oxford University Press, Kaapstad, 1961.

In 1958 is deur Sotheby in Londen die besittings van John Herschel, wat vir 50 jaar in die besit van die familie was, verkoop. Alle papiere wat op die verblyf van Herschel in Suid-Afrika, van 1834 tot 1838, betrekking het, en sommige brieve uit die periode kort daarna in Engeland, kon by hierdie geleentheid vir die biblioteek van die Universiteit van Kaapstad verwerf word.

Die belangrikste onderwerp waaroer hierdie dokumente handel, is die onderwysvraagstuk in die Kaapkolonie, soos dit in die tweede kwart van die 19de eeu was, met voorstelle tot verandering en verbetering daarvan.

Herschel het in 1834 vir astronomiese waarnemings na die Kaap gekom. In daardie tyd was die lewe egter nog nie so gespesialiseerde soos vandag nie en dit was nog moontlik dat een man nie net 'n groot belangstelling vir 'n hele aantal uiteenlopende onderwerpe kon hê nie, maar dat hy ook oor 'n grondige kennis daarvan kon beskik. Naas sy omvangryke astronomiese werk, het Herschel hom hier ook in die besonder op die onderwysprobleem toegelê. Hy was 'n voorstander van 'n breë laer onderwys-sisteem, wat deur 'n soort akademiese opleiding gevolg word. Algemene onderwys moes volgens sy sienswyse, meer op die werklikheid as op tradisie gegrondves wees, waarby veral baie aandag aan die positiewe kennis gegee behoort te word.

Sy eie tyd het Herschel beskou as 'n periode van vooruitgang in die wetenskap en induktiewe wysbegeerte, van aksie en verbetering in die menslike lyewensomstandighede op aarde. Gevolglik was hy ook ten gunste van 'n algemene populêre onderwys en nie vir 'n stelsel wat net tot 'n bevoordegte groep beperk was nie. Hy wou ook

nie die toemalige Britse skoolstelsel in die Kaap invoer nie, omdat die omstandighede hier heeltemal verskillend was. Daar was hier volgens hom geen plek vir 'n Eton of 'n Harrow nie.

Hierdie intelligente Engelsman het na die Kaap gekom kort na die vrystelling van die slawe. Hy het die probleme wat as gevolg van die afskaffing van slawerny ontstaan het, baie duidelik raakgesien. Een manier om tot 'n oplossing te kom was, volgens hom, om ook aan hierdie nie-blankes goeie onderwys te verskaf, sodat hulle 'n ordentlike bestaan kon voer. Daar moet onthou word dat die Bantoe in sy dae nog nie in die Kaap was nie.

Om sy planne uit te voer was daar goeie leerkrakte nodig en Herschel het hom beywer om Skotse onderwysers vir die Kaap te verkry. Hy het tegelykertyd sterk daarop aangedring dat salarisso voldoende behoort te wees (£150 per jaar!) om 'n goeie tipe onderwyser te verkry. Vir die beter kragte behoort daar promosioontoekonding in die vooruitsig gestel te kan word, maar daarenteen moes degradasie ook nie uitgesluit word nie. Hy het verder onderwys in Hollands voorgestaan vir die gebiede waaroorwegend Boere gewoon het.

Herschel het baie gehelp om die Suid-Afrikaanse Kollege op 'n gesonde grondslag te vestig, waarby hy ook hier aan 'n wye akademiese kurrikulum bo 'n beperkte klassieke kursus voorkeur gegee het. Daar is 'n interessante briefwisseling tussen hom en J. Rose-Innes, die eerste inspekteur van onderwys in die Kaap.

Baie van vandag se moderne onderwysopvatting word ook al meer as 'n eeu gelede by Herschel aangetref. Hy wys bv. nadruklik daarop dat onderwys 'n plig van die staat is, wat vir 'n goeie stelsel, behoorlike middele en 'n bekwame staf verantwoordelik is. Daar behoort vooruit gekyk te word en die eerste doel van onderwys is, volgens sy mening, om goeie toekomstige burgers van die gemeenskap te kweek.

Die boek is netjies uitgegee. 'n Hele aantal illustrasies is volgens tekeninge van Herschel self, wat hy met 'n camera lucida gemaak het. Hoewel hulle geen kuns is nie, wys hulle tog wel op 'n mate van tekenvaardigheid.

Dis jammer dat die opeenvolgende aanduidings vir die binder telkens so duidelik sigbaar is. Dit veroorsaak dat 'n aantal bladsye 'n slordige indruk maak.

F. G. E. Nilant.

Smith, Raymond T.: British Guiana, R 2.50. Oxford University Press, 1962.

This book was published under the auspices of the Royal Institute of International Affairs and forms one of a series by various authors on countries like Argentina, Ecuador, Mexico and others. Although a number of specialised works have been written on certain aspects of this multi-racial country, Professor Smith's book is the first which gives us a general picture of the main trends and problems arising out of the intimate contact between Amerindians, Negroes, West-Indians, Chinese and Europeans in a country which comprises an area of less than 85,000 square miles of which more than 70,000 square miles is undeveloped forest and swamp area.

Professor Smith deals with such aspects as the natural resources of the country, its history and settlement by various racial groups, its economic and social structure as well as the effects that political and economic integration has had on the basic attitudes of the various ethnic groups comprising the population of Guiana. He finds that despite the honest and strenuous attempts made to bridge the differences arising from colour and prejudices are hard realities which are determinants as far as the national political growth as well as the future relations with the other Caribbean countries such as British Honduras and Trinidad is concerned.

The author correctly points out that the group attitudes of the various races cannot simply be written off as superficial prejudices, but find their origins in the historical growth of the country. South African readers will inter alia, read his chapter

on the Dutch occupation and eventual conquest by Britain with particular interest as the growth of political institutions under Dutch rule runs parallel with that of our own country during the 17th and 18th centuries up to the British conquest during the Napoleonic wars. The retention of a word like *Kyk-over-al* (p. 204) for the name of a present-day cultural magazine will be of interest to our cultural historians.

It is only against this historical background that the racial attitudes and prejudices of the various ethnic groups comprising the population of this small country can be understood. The English speaking Europeans "see themselves as a ruling group with their main ties in Britain . . ." while Roman Catholicism (too) "is a factor in preserving a group identity" amongst the Portuguese (pp. 102-3). The same applies to the Negroes and to the West-Indians (Hindus and Mohammedans) the latter forming a majority group within the population while on the edge of this multi-racial society dwells the Amerindians, the original inhabitants of this country who cannot avoid being drawn into the socio-economic pattern of the whole. The author points out that despite the socio-economic and political forces at play in this country which tend to cut through stratified attitudes creating thereby a feeling of common destiny and therefore unity of outlook and greater fluidity of the class system which is primarily based on colour and religious differences, "the indices of social status are fairly clear. Apart from birth and colour . . . one cannot escape kinship identity, type of occupation, dress and speech pattern . . ." (p. 114). These basic attitudes which are reflected in the national and international political ideals of the various political groups can create grave problems for the future. Prof. Smith, who is head of the Department of Sociology at the University College of Ghana, warns of the danger that the political frustrations arising from these problems might create for the future and concludes with the hope that Dr. Jagan, the West-Indian leader of the strongest political party in the country, "does not adopt President Nkrumah's methods of trying to make up for a lack of economic foresight and sophistication by propaganda and imprisonment" (p. 208).

On the whole this work by Prof. Smith can be regarded as an objective account of the development of a complex multi-racial society. It can be recommended especially to South African readers because of the similarity of problems between our country and Guiana arising from the contact between different ethnic and colour groups and the way each country is each in its own particular way, striving towards a solution on which world attention is focussed at the moment.

T. S. van Rooyen

Davey, A. M.: The Bondelzwarts Affair. A Study of the Repercussions, 1922-1959. Communications of the University of South Africa, No. 51, 1961. Pp. 28; 40c.

Mr. Davey has given us an all too short a summary of opinions, official and public, resulting from the brief but spectacular rising of the Bondelzwarts in 1922 in South West Africa. Reactions in the South African Parliament, the response of the South African Press and the criticism, mostly adverse, that South Africa received in England and in the august halls of the League of Nations, is briefly dealt with. Of special interest, however, is that the happening of 1922 was revived by critics of South African policy after 1945.

The author does not attempt to interpret the recurrence of this continued reference to a happening that as part of South African history, merits slight mention but which, as Mr. Davey rightly points out in his introduction, has been under-estimated in our historical writing as far as its international repercussions is concerned. He simply summarises the opinions adding as an afterthought the rider that the affair had created an unfavourable impression abroad that had lasting consequences and that in retrospect it "must be concluded that the Bondelzwarts affair was a grave setback

for South Africa" (p. 28). This general conclusion might be of consequence as far as the determination of attitudes immediately after the affair took place is concerned, but it is extremely improbable that it could be regarded as a determinant of attitudes after 1945. By then it was simply the seeking for a whip to flog the horse. In other words the use made of the Bondelzwarts affair of 1922 after the Second World War becomes a part of a study of fundamental attitudes towards the question of non-white policy in general; it cannot be regarded as a factor that conditioned these fundamental attitudes.

T. S. van Rooyen

Baines, Thomas: Journal of Residence in Africa 1842-1853; red. R. F. Kennedy, dl. I, 1842-1849; Van Riebeeck-vereniging, Kaapstad, no. 42, 1961; pp. XIX, 252, 20 illuistrasies en kaart (ledeprys R3.00).

Vir navorsing oor die lewe en werk van Thomas Baines, ontdekkingsreisiger en kunstenaar, is die Baines-Africanaversameling van wyle Sir Ernst Oppenheimer 'n onmisbare bron. Die versameling bestaan uit 29 bundels. J. P. R. Wallis het vir sy biografie *Thomas Baines of King's Lynn. Explorer and Artist, 1820-1875* (Jonathan Cape, Londen, 1941) reeds 'n uitvoerige gebruik daarvan gemaak. Dieselfde skrywer het in 1946 bundel IV van die versameling gepubliseer as *The Northern Goldfields Diaries of Thomas Baines* (3 dele, Oppenheimer Series, no. 3, Chatto & Windus, Londen).

Die Van Riebeeck-vereniging het nou die eerste deel van bundel I van die versameling handskrifte in sy jaarlikse publikasies opgeneem. Die redakteur van hierdie dagboeke is R. F. Kennedy, die vroeëre direkteur van die Openbare Biblioteek in Johannesburg. Mn. Kennedy het sy hele lewe lank 'n besondere belangstelling vir die 19de eeuse skilders in Suid-Afrika gekoester en vandag is hy een van die mees vooraanstaande deskundiges op hierdie gebied.

In sy inleiding wys die redakteur daarop hoedat Baines gedurende sy ekspedisies in die jare 1848-1852 sketse van landskappe en gebeurtenisse gemaak het, wat hy later as akwarelle uitgewerk het, terwyl hy soms nog 'n keer dieselfde onderwerp in olieverf uitgevoer het. Met sy dagboeke het hy dieselfde metode gevolg: terwyl hy langs die pad los aantekeninge gemaak het, wat hy later rustig uitgewerk het, het hy tenslotte 'n deel daarvan in boekvorm uitgegee. Soos dit egter so dikwels by kunstenaars en skrywers voorkom, is die eerste tekensketse sowel as die los aantekeninge ook dikwels die mees spontane en lewendigste. Die dagboeke is onontbeerlik vir die verduideliking van Baines se sketse en skilderwerk, veral ook omdat hy die tekeninge dikwels gemaak het om 'n bepaalde taferel of gebeurtenis later beter te kan onthou.

Daar bestaan op die oomblik nog geen omvattende boek oor Baines as kunstenaar nie, maar vir die toekomstige bewerker van so 'n studie, sal 'n dankbare gebruik van hierdie publikasie van die skilder se dagboeke noodsaklik wees.

Die boek is ruimskoots voorsien van voetnote, 'n kaart en 'n indeks.

Mn. Kennedy het bowendien 'n uitvoerige beredeneerde katalogus van die tekeninge en skilderye uit die periode wat deur die dagboeke beslaan word, aan die boek toegevoeg. Vir hierdie doel het hy veral die versamelings van die Africana-Museum, die Nasionale Argief in Salisbury en die Baines-Africanaversameling, gebruik. Hoewel hierdie chronologiese lys nie voorgee om volledig te wees nie, beslaan dit tog nie minder as 15 bladsye van die boek nie. Ons wil die hoop uitspreek dat hierdie voorbeeld om aan 'n boek oor 'n kunstenaar tenminste 'n beredeneerde katalogus van sy werk toe te voeg, veelvuldige navolging sal vind en met dieselfde grondigheid uitgevoer sal word as wat dit in hierdie dagboeke van Baines die geval is.

F. G. E. Nilant.

Vier Generasies Nystad (1862-1962), Jubileum-uitgawe, Nystad Antiquaires, Lochem, 's-Gravenhage, 1962; p. III, 7, 95 afb., teks in Nederlands en Engels, met 'n voorwoord deur Prins Bernard van Nederland.

Die verhaal begin 'n honderd jaar gelede met die klein smoushandel van Abraham Nystad, wat hom veral op klerasie toegelê het. Die boere het hom dikwels nie in geld nie, maar met goedere betaal. So het daar dan saam met die klerasie, ook 'n handel in antikiteite ontstaan. Hierdie antieke voorwerpe is weer aan vooraanstaande ryk families in die buurt en aan 'n klein groepie handelaars, wat stadigaan vooruit gegaan het, verkoop.

Teen die einde van die eeu, in 1893, het die seun Hartog, 'n eie besigheid begin. Dit was nie meer 'n smousery nie, maar 'n gevestigde handelsonderneming te Lochem. As gevolg van sy belangstelling, het hy hom veral op antikiteite toegelê. Deur harde werk en 'n deeglike vakkennis het die firma uitgebrei. 'n Aansienlike hoeveelheid antieke meubels, ou tin, koper, silwer en Delftse erdewerk kon gereeld daar aangetref word.

Na die Eerste Wêreldoorlog het die derde generasie, Abraham II, sake begin behartig. Van sy jeug af was hy in aanraking met die pragtige voorwerpe wat deur sy vader se hande gegaan het en gevolglik kon hy daardie eienskap ontwikkel wat in die kunshandel dikwels die deurslag gee, nl. sintuiglike intuïsie.

Vandag is dit weer 'n Hartog Nystad, die vierde generasie, wat beheer in hande het. Die tye het verander, Nystad is nie meer 'n plaaslike besigheid nie, maar 'n kunshandel van internasionale naam. Afgesien van antieke voorwerpe, word nou ook veel aandag aan skilderye bestee.

Dis interessant om te sien dat twee van Nystad se skilderye 'n weg na Suid-Afrika gevind het. Een is 'n portret van 'n jong man wat by 'n tafel sit. Hierdie werk is in 1656 deur Hendrick Maertensz. Sorgh geskilder en behoort nou tot die versameling van die Johannesburgse Kunsmuseum (doek, 51:5 x 41 cm.). Die ander is 'n groot stilewe deur die bekende 17de eeuse skilder, Abraham van Beyeren en wat tans in 'n private versameling berus (doek, 96 x 81 cm.).

Hierdie jubileum-uitgawe is besonder netjies in 'n stewige wynrooi omslag uitgegee. Die foto's van die belangrikste skilderye en antikiteite is duidelik en elkeen is van 'n uitvoerige dokumentasie voorsien.

Vir diegene wat in kunsgeschiedenis studeer of wat in wyere verband in kuns belangstel, is 'n katalogus soos hierdie van onnoemlike waarde.

F. G. E. Nilant